LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

19-09-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 32 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **REVUE 2016:**

- Kaartjies is beskikbaar teen R60 per sitplek, by Heléne Botha in die kantoor.
- Vertonings vind plaas vanaf Maandag, 17 Oktober tot Vrydag, 21 Oktober 2016.
- Vertonings begin stiptelik om 19:00.
- Leerders moet hul R150 inbetaal by die registeronderwysers voor 30 September 2016.
- Ekstra oefening in die saal:
  * Graad 4's - Maandag en Dinsdag vanaf 14:00 - 15:30
  * Graad 7's - Woensdag vanaf 14:00 - 17:00
  * Graad 6'e - Donderdag vanaf 14:00 - 17:00

2 **SKAAK:**

- Oefening: Slegs vir Seniors en Ligaspelers op Woensdag, vanaf 14:15 - 15:15.
- Baie sterkte vir Vrydag, 23 September vir die 3 spanne wat deelneem aan die Gauteng Liga Finaal. Dit vind plaas te Menlopark, Pretoria en ons weet dit sal baie goed gaan. Baie dankie aan Mev Anne Huisamen (0/9's), Mev Marie-Louise Human (0/11's) en Mev Annali Grobler (0/13's) wat as spanbestuurders optree Vrydag. Ons waardeer dit opreg!

3 **GRAAD R en RR OPEDAG 2017:**

Die Graad R en RR Opedag is Vrydag, 23 September 2016 by die kleuterskool van 08:00 tot 10:00. U as ouers van 2017 se Gr R en RR'e is welkom om die dag saam met u kleuter te kom deurbring.

4 **RO-KLASSE:**

Daar is geen Afrikaans of Wiskunde RO klasse vir Graad 4 leerders by Juf Estie op Woensdag, 21 September 2016, nie.

5 **SNOEPIE**:

Ouers ondersteun asb die snoepie met aankope van koeldrank: 24 x 500ml Coke; Coke Zero; Sprite; Creme Soda @ R200. Energade @ R185; Lipton Ice Tea Slimcan Peach/Lemon @ R152. Bestel na skool by snoepie of kontak vir Cindy 0835503177.

6 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD - DEEL 2:**

Kunsstukke moet ingehandig word op 30 September. Tema: Diere (enige medium)

7 **FOTODAG**:

Elke leerder het reeds 'n bestelvorm ontvang met die inligting rakende die Individuele foto's. Merk asb u bestelling duidelik en stuur die regte gelde saam skooltoe vir die registeronderwysers voor of op 19 September 2016.

Foto's word geneem vanaf 22 - 29 September 2016.

Donderdag	**'22 September**	**Graad 6 klasfoto's + Graad 6 Seuns Individuele foto's (a.g.v Avontuurkamp)**
Maandag	'26 September	Junior Individuele foto's
Dinsdag	'27 September	Senior Individuele foto's
		Boetie en sussie foto's
Woensdag	'28 September	Junior en Senior Klasfoto's
Donderdag	'29 September	Sport en Kultuur foto's

8 **ATLETIEK OEFENING IN DIE 4DE KWARTAAL:**

Baanitems - Oefening sal op 11 Oktober begin

Velditems - Oefening begin vanaf 17 Oktober

Hekkies - Al die leerders in Graad 3,4,5 en 6 (2017) - Daar sal elke Dinsdag, vanaf 12 September oefening vir julle wees by die Hoërskool se velde vanaf 16:00 - 17:00.

Vir enige navrae oor die oefeninge by die Hoërskool, kan julle vir Alida kontak, 0848122932.

9 **RAPPORTE EN SKOOL SLUIT:**

Leerders ontvang nie rapporte in hierdie kwartaal nie. Die onderwysdepartement moet eers ons state kom goedkeur alvorens ons die rapporte mag druk. Die skool sluit om 10:00 op Vrydag, 30 September 2016.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF